

Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja /
Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 9/03

Datumverhoor: 2004-10-21

Datumgelewer: 2004-10-21

In die appél van:

**WILLIAM CHAKELA
ZONISELE SILWANYANA**

**EERSTE APPELLANT
TWEEDE APPELLANT**

versus

DIE STAAT

RESPONDENT

Coram: MAJIEDT R et MUSI WnR

UITSPRAAK

MAJIEDT R:

1. Die appellante kom in hoër beroep teen hul skuldigbevindings en vonnisse. Hulle is skuldig bevind aan roof met verswarende omstandighede en is beide gevonniss tot 10 jaar gevangenisstraf.
2. Namens die appellante het Mnr. Fourie in sy hoofde van betoog aangedui dat hy na deurgaang van die oorkonde die mening toegedaan is dat daar geen meriete in die appél teen skuldigbevinding en vonnis is nie. Dit is na my mening derhalwe nie nodig om in groot besonderhede met die meriete van die appél te handel in hierdie uitspraak nie.
3. Die appellante se skuldigbevindings spruit uit 'n voorval op 9 Oktober 1999 by 'n besigheid met die naam van *Mimosa Juice Den* waar die eienaar daarvan, ene Mnr.

Faizal Wookey (hierna verwys as die *klaer*) gedreig is met 'n mes, rondgestamp is deur die appellante en van 2 pakkies *Rothmans* sigarette ter waarde van R15.00 en kontant van R100.00 beroof is.

4. Die vernaamste getuies namens die Staat was die klaer self sowel as sy assistent, Mnr. David Mpolokeng. Hierdie twee getuies se weergawes het in breë trekke ooreengestem, alhoewel daar merkbare en beduidende verskille tussen die twee weergawes was. Volgens hulle het die twee appellante, wat aan beide van hulle bekend is, op die dag van die voorval die besigheidspersoneel binnegekom waarna die eerste appellant die klaer vir geld gevra het en toe dié aangedui het dat hy nie geld het nie, het beide appellante 'n dreigende houding ingeneem. Volgens die klaer het die tweede appellant 'n mes te voorskyn gebring waarmee hy die klaer gedreig het.

Daarna het die eerste appellant die sigarette en kontant geneem en die twee appellante het die winkelperseel verlaat. Volgens die getuienis is die appellante kort daarna terug en was hulle selfs meer aggressief as vroeër en het hulle by die tweede geleentheid weer 'n dreigende houding ingeneem en nog kontant geneem daar.

5. Die appellante se verweer was dat hulle sekere werk verrig het vir die klaer, te wete dat hulle grond gaan laai het by ten minste drie geleenthede, terwyl hulle nie daarvoor vergoed was nie. Volgens hulle het hulle op die dag van die voorval die klaer gevra vir vergoeding en het hy aan hulle die sigarette en die kontant oorhandig as vergoeding.
6. Die appellante was regsverteenvoerdig deur 'n prokureur (klaarblyklik van die regshulpentrum). Dit blyk baie

duidelik uit die oorkonde dat dié prokureur uiters onbeholpe en onervare was en het sy in verskeie opsigte op onbekwame wyse te werk gegaan met die voorhou van die appellante se verweer in die hof *a quo*. So het dit by meerdere geleenthede gebeur, veral tydens die stadium toe die appellante getuienis afgelê het, dat die prokureur op rekord moes plaas dat sy stellings óf verkeerdelik gemaak het, óf op onvoldoende wyse voorgehou het aan die staatsgetuies in kruisondervraging. Die belangrikste van hierdie betrokke aspek is die feit dat die prokureur vreemd genoeg dit nooit duidelik gestel het tydens kruisondervraging aan die staatsgetuies, veral aan die klaer, dat die grond wat die appellante na bewering vir die klaer sou gaan laai het, inderdaad diamantdraende gruis was wat op onwettige wyse by 'n De Beers mynhoop opgelaai is en by die klaer se huis in *Homestead* afgelaai

is. Ek wys daarop dat die klaer se besigheidspersoneel waar hy beroof is geleë is in *Galeshewe* woonbuurt. Hierdie was uiteraard 'n verbasende en feitlik onverskoonbare nalate aan die kant van die prokureur en het dit daartoe gelei dat die klaer sowel as sy wederhelfteruggedroep is om getuienis daaraangaande te kom aflê tydens die verhoor. Die verdediging is ook 'n geleentheid gebied om verdere getuienis ter weerlegging af te lê en is ene Ernest Kaptein geroep om getuienis af te lê. Die verhoorlanddros het heeltemal tereg die prokureur ernstig vermaan aangaande hierdie en ander nalates aan haar kant.

7. Die landdros het 'n weldeurdragte uitspraak gelewer. Hy het kennis geneem van die verskille tussen die getuienis van die klaer en die staatsgetuie David Mpolokeng. Volgens die getuienis was beide hierdie twee getuies

aanwesig tydens die rooftog. Hulle weergawes verskil egter beduidend van mekaar in sekere belangrike opsigte, byvoorbeeld die feit dat David Mpolokeng nooit 'n mes gesien het in die besit van enige van die appellante nie, terwyl die klaer getuig het dat die tweede appellant 'n mes tevoorskyn gebring het en hom daarmee gedreig het. Die landdros het bevind dat die klaer 'n baie goeie getuie was en het gewys op sy indrukwekkende voorkoms en gedrag in die getuiebank. Hy het dan ook die klaer se getuienis aanvaar sonder voorbehoud.

8. Mnr. Mpolokeng aan die anderkant is deur die landdros as 'n minder bevredigende getuie aangemerkt en het die landdros bevind dat hy slegs sy getuienis sou aanvaar waar dit deur dié van die klaer en deur die objektiewe waarskynlikhede gestaaf word.

9. Die landdros het verder, gegewe die prokureur se onbeholpenheid, die standpunt ingeneem dat hy nie die weersprekinge tussen die appellante se *viva voce* getuienis en die stellings wat namens hulle gemaak is deur hulle prokureur aan die staatsgetuies, in aanmerking sou neem teen hulle nie. Hy het op dieselfde basis ook die standpunt ingeneem dat hy nie die formele erkenning wat tydens die artikel 115-verrigtinge op rekord geplaas is teen die beskuldigdes in ag sou neem nie. Wat laasgenoemde aanbetref het die prokureur naamlik erken dat dit as 'n formele erkenning ingevolge die bepalings van artikel 220 van die Strafproseswet aangeteken kon word dat die appellante inderdaad twee pakkies sigarette en R100 kontant van die klaer ontvang het as vergoeding. Dit het toe uiteindelik geblyk uit die appellante se getuienis dat die appellante twee pakkies sigarette en

slegs R40 kontant ontvang het as vergoeding vanaf die klaer.

10. Ek kan kwalik fout vind met die landdros se benadering hierin. Hy was uiters toegeeflik teenoor die appellante, inaggenome hulle prokureur se onbeholpenheid wat aan onbekwaamheid gegrens het, waarna ek alreeds verwys het hierin.
11. Verder is dit geykte reg dat 'n hof van appél in 'n baie minder gunstige posisie is as 'n verhoorhof wanneer dit kom by geloofwaardigheids-bevindinge. 'n Treffende voorbeeld hiervan in die onderhawige geval is die feit dat die landdros in sy uitspraak daarvan melding maak dat, alhoewel die oorkonde dit nie weerspieël nie, die landdros duidelik kon opmerk dat die klaer ongemaklik was met die beantwoording van vrae in Afrikaans. Dit het toe

uiteindelik geblyk dat die klaer se eerste taal Engels is, en toe die landdros dít agterkom het hy die klaer toegelaat om in Engels sy vrae te beantwoord. Die landdros sÍ in sy uitspraak dat hierdie verandering in taalgebruik aan die klaer se kant ook 'n merkbare verbetering in sy voorkoms en gedrag in die getuiebank meegebring het. Dit is 'n aspek wat vir 'n hof van appél nooit sou blyk uit die oorkonde nie en onderskraag die benadering van ons howe dat slegs in uitsonderlike gevalle met 'n verhoorhof se geloofwaardigheidsbevindinge ingemeng sal word.

12. Gevolglik is ons gebonde aan die landdros se geloofwaardigheidsbevindinge, by ontstentenis van enige ooglopende mistastings op die feite soos blyk uit die getuienis. Na my mening was die landdros ook korrek in sy verwerping van die appellante se weergawes as vals bo redelike twyfel, gegewe die etlike weersprekings

daarin, sowel as die onwaarskynlikhede van hulle weergawes. Die treffendste onwaarskynlikheid is die feit dat, volgens die appellante, die klaer sou geswig het voor hulle dreigemente van afpersing, naamlik dat hulle hom aan die owerhede sou verklap dat hy onwettig diamantdraende gruis verwyder het, tensy hy hulle sou vergoed vir die werk wat hulle vir hom gedoen het. Tog gaan die klaer volgens hulle onmiddellik daarna heen en lê 'n *vals* klagte van roof teen die twee appellante. Dit maak tog glad geen sin dat die klaer só te werk sou gaan indien hy bevrees was dat hy aan die owerhede verklap sou word vir die beweerde onwettighede nie.

13. Gevolglik meen ek die toegewing is korrek gemaak dat daar geen meriete hoegenaamd in die appél teen skuldigbevinding is nie.

14. Wat vonnis aanbetref het die landdros bevind dat daar inderdaad wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat 'n afwyking van die minimumvonnis in artikel 51 van Wet 105 van 1997 voorgeskryf, regverdig. Die landdros het naamlik bevind dat hierdie 'n sogenaamde "*sagte*" roof was, dat die waarde van die goedere wat beroof is relatief laag is, dat die appellante onder die invloed van drank verkeer het en dat daar geen vooraf beplanning was nie. Ek is van mening dat die opgelegde vonnis van tien jaar gevangenisstraf 'n uiters billike vonnis in die omstandighede van hierdie saak is. Die vraag is uiteraard nie welke vonnis hierdie Hof sou opgelé het nie, maar of die vonnis skokkend onvanpas is en of die landdros in sy vonnisoplegging enige growwe mistastings begaan het. Nie een van dié twee faktore is teenwoordig hier nie. Gevolglik is daar geen basis waarop met die

vonnis ingemeng kan word nie.

15. Die appél word afgewys. Die appellante se skuldigbevindings en vonnisse word bekragtig.

**SA MAJIEDT
REGTER**

Ek stem saam.

CJ MUSI

WAARNEMENDE REGTER

NAMENS APPELLANT	:	ADV	T
FOURIE			

NAMENS RESPONDENT : ADV CG JANSEN

DATUM VAN VERHOOR	:	2004-10-21
-------------------	---	------------

DATUM VAN UITSpraak : 2004-10-21